

# 6

## HERSIENING

### Ek onthou wat ek geleer het

#### DOEN VOORAF

- Nooi betyds die volgende mense na die klas toe:
  - Die dominee of die kategeesehoof.
  - Die ouers.
- Die kinders kan enigiemand wat vir hulle spesiaal is, saamnooi.
- Reël dat die ouers verversings saambring, sodat julle na die klas kan saamkuier.

#### OPENING

Open self of vra een van die ouers of kinders om met gebed te open.

#### BEGIN SO

Open deur saam Gesang 543: 1 te sing, of gebruik dit as gebed.

*Here Jesus, ek is klein,  
maak U self my lewe rein.  
Laat ek altyd van U leer;  
laat ek grootword tot u eer.*

*O Jesus, neem my,  
o Jesus, lei my,  
o Jesus, sterk my  
en vorm my tot u eer.  
Amen.*

#### IETS OM TE DOEN

##### Toneel 1

Die kinders maak hul boeke oop by Les 1 en hou hul boeke so dat die ander (ook die ouers) dit kan sien.

Die kategeet, predikant of kategesehoof lees die opskrif in die kind se boek: **God het my spesiaal gemaak**. Ons het geleer dat kindertjies vir God spesiaal is en dat Hy daarom baie lief is vir ons.

Die kategeet sê die sinnetjie onderaan die bladsy en die kinders sê dit agterna: byvoorbeeld: **Ek, Marie, is spesiaal vir God**.

## **Toneel 2**

Die kinders maak hul boeke oop by Les 2 en hou hul boeke so dat die ander (ook die ouers) dit kan sien.

Hier sê die kategesehoof, predikant, kategeet of een van die ouers: **Ek is lief vir God en vir die Bybel**.

Die kategeet sê die volgende, en die kinders sê dit agterna: **Ek is Jesus se kind**.

## **Toneel 3**

Die kinders maak hul boeke oop by Les 3 en hou hul boeke so dat die ander (ook die ouers) dit kan sien.

Die kategeet, predikant of kategesehoof sê: **Ek wil ook vir die Here werk**. Om vir die Here te werk, is om vriendelik te wees met my maatjies, boetie en sussie en om mense wat hulp nodig het, te help.

Die kinders en die ouers sê: **Ek wil soos Samuel vir die Here werk**.

## **Toneel 4**

Die kinders maak hul boeke oop by Les 4 en hou hul boeke so dat die ander (ook die ouers) dit kan sien.

Die predikant of kategeet sê: **Ons het geleer dat God alles gemaak het, ook die mens**. Hy het vir ons die opdrag gee om vir alles te sorg wat Hy gemaak het en dit te geniet. Nou kyk ons na mooi goed wat God gemaak het.

Die kinders hou hul boeke oop by Les 4 en sit dit neer, sodat almal kan verbystap en daarna kan kyk terwyl hulle Gesang 552: 1 en 2 sing.

*Liewe Vader, ek sê dankie  
vir die wêreld rondom my,  
want die hemel en die aarde  
het ons als van U gekry.*

*Liewe Vader, ek sê dankie  
vir die lewe rondom my –  
al die blomme en die diere  
het hul prag van U gekry.*

Die kategeet gee terugvoer oor die vordering met die spesiale projek van Les 4.

### **Toneel 5**

Die kinders blaai na Les 5. Die ouers, kategeet, predikant en kategesehoof stap deur die klas. Elke kind hou sy of haar boek vas en vertel aan dié wat verbyloop van hul prente.

### **AFSLUITING**

Sluit af met gebed, en almal sing Gesang 552: 1 en 2.

Almal gaan geniet verversings as dit so gereël is.